## Swaard van die Gees 4 – Nuwe Testament

## LEIERS BRING ASB JULLE BYBELS SAAM

1. **PRAISE EN WORSHIP**

2. **YSBREKER:**

- In die groepe gaan ons die **Telefoontjie Speletjie** speel. Die leier gaan begin deur in die eerste persoon die vlg te sê [EK GLO DAT DIE BYBEL DEUR DIE HEILIGE GEES GEINSPEREER IS] en dan moet hulle dit vir die vlg ou in die oor fluister en die een wat laaste is moet dit hardop sê wat hy gehoor het.

3. **PROCESS DIE YSBREKER:**

- Die Bybel is deur meer as 36 verskillende mense geskryf oor 'n tydperk van ongeveer 1500 jaar.
- Wat die Bybel regtig so wonderlik maak is dat God het mense in verskillende dele van die wêreld gebruik met verskillende agtergronde en verskillende werke om die boeke van die Bybel te skryf, party was vissermanne, onderwysers, tentmakers, boere, dokters en selfs konings.
- Dit was dus menslik gesproke ontmoontlik dat al die mense met verskillende beroepe en op verskillende plekke en oor 'n tydperk van 1500 jaar so akkuraat en in lyn met mekaar die Bybel kon skryf.
- Die rede hiervoor was dat dit mense was wat met die HG vervul was en geluister het na wat die HG vir hulle sê en dit toe geskryf.
- As dit uit 'n mens was dan sou dit nou gewees het soos die speletjie wat ons nou gedoen het. Die boodskap wat by die laaste een uitgekom het was heeltemal verkeerd omdat dit uit ons vlees gekom het elkeen het maar gesê wat hy gedink het hy/sy gehoor het, maar GOD het sy HG gebruik om met mense te praat om die Bybel te skryf. Dus kan ons sê dat die BYBEL is GOD SE WOORD direk aan SY kinders.

4. Vanaand gaan ons begin om die basiese dinge van die Bybel eers te leer sodat dit nie vir jou vreemd klink as mense praat oor die Bybel nie. Die basiese dinge is as vlg.

- Die Bybel bestaan uit 66 boeke
- 39 boeke in die Ou Testament – [Jesus was nog nie gebore nie]
- 27 boeke in die Nuwe Testament. – [Jesus is gebore]

5. Vanaand gaan ons kyk na die Nuwe Testament. Die nuwe testament kan in VIER dele verdeel word. Jy gaan nou op jou papier wat jy gekry het gaan kyk wat is die vier dele en dan die boeke se name gaan opsoek in jou Bybel en dit dan neerskryf.

6. As julle klaar is met dit kan julle die woord puzzle doen. Kinders moet die woorde in bolt gedruk soek.

7. **Sluit af met gebed in julle groepe.**